

GEDAGTE VIR DIE DAG

“Die begin van iets nuuts
bring die hoop op iets groots”



NUUSBRIEF 15

22 JULIE 2022

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

“Dankbaarheid is soos water en sonlig, dit laat seëninge groei”. – Simone Trollip.
Ons is dankbaar dat almal weer hul batterye kon laai. Ons is dankbaar vir al die geleenthede wat leerders op verskeie sportgebiede gehad het. Ons is uiters dankbaar dat almal veilig terug is. Ons is dankbaar vir seëninge, waar leerders tydens toere ens., presteer het. Mag ons elke dag van kwartaal 3 in dankbaarheid lewe.

Baie welkom en sterkte aan juffrou Manli Snyman in die Wiskunde departement.

BELANGRIKE BROKKIES

❖ KODERING

Gedurende die afgelope sewe jaar het *Midstream Ridge Laerskool* se Rekenaardepartement stelselmatig kodering in die akademiese kurrikulum ingebring. Leerders leer om met *Python* te kodeer en hulle het reeds 'n paar opwindende toepassings geskep, insluitend 'n interaktiewe tower-8-bal en 'n virtuele dobbelsteenprogram. Die Rekenaarafdeling sal voortgaan om die noodsaaklike vaardighede wat nodig is in *Microsoft Word*, *Excel* en *PowerPoint* aan te leer om ons leerders te help om vir hul toekoms voor te berei. Grondslagfase-leerders leer kodeer deur verskeie interaktiewe koderingspeletjies te gebruik. Hulle leer en ontwikkel hierdie koderingsvaardighede, met pret. Die Intersenfase-leerders (Gr. 4-6) fokus gedurende die laaste twee kwartale van die akademiese jaar op kodering. Graad 7-leerders kodeer deur die jaar tydens hul Rekenaarsessie, om vir die hoërskool voor te berei. Ons is ongelooflik opgewonde om ons leerders bekend te stel aan die wêreld van kodering en die moontlikhede wat hierdie 'taal' bring.

INLIGTING


INTERSENFASE OUERMIDDAG

Ouers is welkom om afspraak vir Maandag, 25 Julie, op die ouerportaal te maak.

DINSDAG, 26 JULIE

KykNet kom gedurende dié dag 'n TV-opname by die skool maak..... WOW!

BIBLIOTEK

Volg asseblief die skakel vir die biblioteek-tye vir Kwartaal 3.  [BIBLIOTEK-TYE](#)

EDANA SELFOONTOEPASSING

Ons beoog om binnekort slegs van die skool se selfoontoepassing gebruik te maak vir kommunikasie aan ouers. Ons versoek u dus vriendelik om so spoedig moontlik dié toepassing af te laai. Klik asseblief op die skakel vir die prosedure om dié toepassing op u selfoon af te laai. [🔗 EDANA](#)

HOKKIE LIGAWEDSTRYDE

Neem asseblief kennis van die volgende wedstryddatums:

SPAN	DATUM	PLEK	TYD
Dogters o/10-o/13	12 Augustus 2022	Maragon Olympus Primary	14:00 – 18:00
Dogters o/10-o/13	25 Augustus 2022	@MRP vs Curro Hazeldean	14:00 – 18:00
Dogters o/10-o/13	2 September 2022 [TBC]	Laerskool Monument Park	14:00 – 18:00
Dogters o/10-o/13	9 September 2022	@MRP vs Laerskool Lynwood	14:00 – 18:00

SPAN	DATUM	PLEK	TYD
Seuns o/10-o/13	13 Augustus 2022	MRP vs Laerskool Menlopark o/12A + o/13A @ Hatfield Christian Church Alle ander spanne @ MRP	TBC
Seuns o/10-o/13	19 Augustus 2022	MRP vs Laerskool Elarduspark @ MRP	TBC
Seuns o/10-o/13	26 – 27 Augustus 2022	MRP vs Laerskool Wierdapark @ TBC	TBC
Seuns o/10-o/13	10 September 2022	MRP vs Anton van Wouw @ MRP	TBC

LANDLOOP

Volg asseblief die skakel vir belangrike inligting vir Kwartaal 3. [🔗 LANDLOOP KWARTAAL 3](#)

TRUTH EN LANDLOOP UITREIK

Ondersteun asseblief die *Bybelgenootskap se Run/Walk/Cycle for Bibles* deur op hul webtuiste in te skryf vir virtuele wedlope: <https://biblesociety.co.za/index.php/take-action/activities-for-bibles/run-walk-cycle-for-bibles22>. TRUTH en landloop het reeds ingeskryf. Juffrou Minette Bornman gaan 'n 21 km-hardlooproete doen. Klik asseblief op die skakel vir meer inligting. [🔗 BYBELGENOOTSKAP SA](#)

SPRING FEST 10 SEPTEMBER 2022 [🔗 SPRING FEST 2022](#)

50% van die *SpringFest*-kaartjies is reeds verkoop. Moenie uitstel nie! Kry jou kaartjies so gou moontlik om teleurstelling te voorkom! <https://www.howler.co.za/events/midstream-springfest-bf37>

Midstream Ridge-groete

VERNON HARMSE
SKOOLHOOF

